



PRIVAATSKOOL MORIA

Tel : (00264) -67 313 051 Faks : 067 313 023
Posbus 408, Outjo, Namibië, 9000 Web : www.privaatskool-moria.com
@ E-pos : admin@psmoria.com



OMSENBRIEF NR. 3

6 April 2020

Geagte ouers

AKSIEPLANNE INDIEN "LOCKDOWN" LANGER AS 20 APRIL 2020

ALGEMEEN:

Die direksie van Moria het saam met die bestuur van die skool vergader om die huidige onsekere Covid-19 situasie, waarin ons almal verkeer, te bespreek en soveel as moontlik stabiliteit te bring in die onderwys en opvoedingservaring wat Moria aan sy lojale skoolgemeenskap bied. Op 2 April het u 'n omsendskrywe ontvang wat die uitkoms van die vergadering in breë trekke bespreek het. In hierdie brief is ook vermeld: " *Hierdie planne word in meer detail bespreek teen Maandag 6 April.*" Daarom hierdie brief.

Neem asb. kennis: Hierdie aksieplanne sal slegs in werking tree indien die "Lockdown" langer as 20 April 2020 voortgaan. Indien die skool egter op 20 April 2020 begin na die landswye "Lockdown" verval al hierdie planne en skool gaan voort soos normaal. Enige veranderings sal egter aan u gekommunikeer word. Onthou dat die opdragte van die Ministerie van Onderwys Kuns en Kultuur en die van die Staatspresident te alle tye nagekom sal word.

AKADEMIESE SKOOLJAAR:

Geen skooltyd sal verloor word wat nie op een of ander manier ingehaal sal word nie. Die laaste reëling was dat skole deur die regering gesluit is tot 14 April 2020. Die skoolvakansie is dus net vervroeg, die program vir die jaar is aangepas en skole sou weer 14 April begin, waarna die jaar verder normaal sou aangaan met geen onderrigtyd wat verlore gaan nie. (Die tyd wat ons in die 1ste termyn verloor sou ons weer in die tweede termyn inhaal met 'n langer tweede termyn.)

Verskeie opsies wat vir ons kinders en onderwysers die beste gaan pas, is reeds ondersoek. Neem kennis van die volgende:

MORIA WEN AKADEMIESE TYD:

- Moria wen reeds onderrigtyd met Privaatskole-naweek en ook met die Kultuur en Krieket-feeste wat afgestel is.
- Moria sou ook, indien nodig, tydens die Augustus-vakansie net vir een week kon sluit en 'n week later sluit in Desember 2020.

MORIA OPEN 20 APRIL 2020:

- Graad 12-leerlinge sal nie later kan begin nie, want op hierdie stadium is daar nie veranderings aan die datums van die IEB se eindeksamens nie.
- Indien "Lockdown" af is, kan almal normaal skoolgaan.
- Indien "Lockdown" verleng, kan onderwysers begin met afstandsonderrig m.b.v. sosiale media, terwyl u kind by die huis is.
- Die jaarprogram kan normaal aangaan sonder druk op kinders en onderwysers.
- Met hierdie opsie is Moria gereed om vir 'n onbeperkte tyd aan te hou met onderrig, selfs met 'n moontlike totale "Lockdown".

Hierdie plan is 'n veilige opsie vir onderwysers, leerlinge en veral vir ons matrieks.

PLAN VAN AKSIE:

- **Tans is Moria nog met skoolvakansie.** Die situasie in Namibië word op 14 April 2020 herevalueer. Die teikendatum om met klasse te begin is **20 April 2020**.
- Onderwysers het opleiding ontvang om met "**Microsoft Teams**" afstandsonderrig te gee.
- Met hierdie rekenaarprogram kan die volgende gedoen word:
 - Interaktiewe les-aanbieding. (Dit is reeds met 'n groep leerlinge getoets en alle onderwysers sal dit toets teen 20 April 2020).
 - Onderwysers kan tydens les-aanbieding op 'n witbord verduidelik of inligting op die leerlinge se rekenaars vertoon, terwyl die klas aan die gang is.
 - Skriftelike werk word deur die onderwyser opgelaai en dit is enige tyd beskikbaar vir leerlinge.
 - Klasse kan in video-formaat opgelaai word.
 - Daar is goeie kontrole oor wie die klasse bygewoon het en wie nie.
- Die volgende gaan vir u as ouer 'n **uitdaging** wees:
 - 'n Doelmatige toestel, hetsy 'n rekenaar, tablet of "smartfoon" (vir u kind in die huis); (Pryse word op die stadium beding en sal deur die skool aan u deurgegee word indien u belangstel in 'n Lenovo 7 of 10 tablet. Hierdie pryse sal geld vir almal wat saam in massa aankoop. Hierdie is ook die enigste toestelle wat in massa bekom sal kan word in die "Lockdown"-periode en sal slegs te koop wees terwyl voorrade hou.)
 - Let wel: Ouers is self verantwoordelik vir die aanskaf en beskikbaarheid van so 'n toestel. Indien u nie toegang hiertoe het nie, moet u dit met die voogonderwyser bespreek wanneer hy/sy die opname maak.
 - Beschikbaarheid van internet in u huis en internet-sterkte;
 - Kinders se tydsbestuur en roetine.
- **WhatsApp** is die ander medium waarsonder ons nie sal kan funksioneer nie. Baie kommunikasie gaan tussen onderwysers, kinders en ouers deur klagroepe moet plaasvind. Sorg asseblief dat u deel vorm van u kind se ouergroep. Onderwysers is reeds besig om opnames te maak op die verskillende klagroepe. Reageer asseblief so spoedig moontlik as onderwysers vir inligting vra.
- Meeste kinders het reeds hulle **boeke** by die skool kom haal. Dankie vir u samewerking in die saak.
- Die **graad 12-leerlinge** se eksterne eksamens van die IEB gaan op hierdie stadium nog steeds voort soos geskeduleer. In sommige vakke was daar reeds werk gegee om in die vakansie te doen. Onderwysers wil nie agter raak met graad 12's nie. Hierdie situasie gaan dissipline van matrieks vra om saam met die onderwysers tuis te werk.

- **Vakke** vir afstandsonderrig is verminder en daar word meer gefokus op die promosievakke en vakke waar 'n grondslag gelê moet word.
 - Graad 1 - 3 (Afrikaans, Engels, Wiskunde en Skrif)
 - Graad 4 - 7 (Afrikaans, Engels, Wiskunde, Wetenskap en Sosiale studies)
 - Graad 8 en 9 (Afrikaans, Engels, Wiskunde en Wetenskap / Rekeningkunde gaan ook gegee word maar dit gaan nie geassesseer word nie)
 - Graad 10 - 12 (Alle vakke, IGO is uitgesluit)
 - IGO sal moeilik op sosiale media aangebied kan word, maar sal maklik in graad 11 ingehaal kan word.

FINANSIES:

Inleiding:

- Onderwys en opvoeding sal steeds gebied word en die tydperk waarin die "Lockdown" mag voortgaan, sal alles gedoen word om kwaliteit te verseker. Personeel van Moria werk steeds hulle volle ure en selfs langer ure om alles in plek te kry en die uitvoerbaarheid en kwaliteit te verseker. Dit sal ook die geval wees indien klasse elektronies aangebied word vanaf 20 April 2020.
- Net soos meeste besighede het Privaatskool Moria ernstige verliese aan inkomste. Soos u weet, word die gelde wat geïen word deur projekte gebruik om die skoolfonds so laag as moontlik te hou. Die inkomste van die Wildsfees en die Kultuur en Krieketfees kan nie realiseer nie, want die projekte is weens die Covid-19 uitbraak gestaak. Ander inkomstes uit die atletiekbyeenkomste wat reeds gerealiseer het, was ook laer as konserwatief begroot. Dit bring finansiële tekorte mee.
- Planne word beraam om hierdie inkomstes te vervang, maar die werkbaarheid van die planne is nie verseker nie.
- Alle uitgawes word gesny en geen gelde word verder bestee aan uitbreiding wat nie inkomste verseker nie.
- Salaris-inperkings word reeds oorweeg en alhoewel afleggings nie nou by die skool ter sprake is nie, is Privaatskool Moria nie noodwendig vrygespreek daarvan indien die situasie nie verander nie.

Betaling van skoolgelde:

- Op hierdie stadium het die leerlinge van Privaatskool Moria 'n skoolvakansie tot en met 20 April 2020. In 'n skoolvakansie word skoolgelde normaal gehêf.
- Indien die **koshuis** egter nie oopmaak teen die 20ste April 2020 nie, sal daar slegs 50% van die koshuisgelde gehêf word vir April-maand. Vandaar sal die situasie gemonitor word en weer besluite geneem word.
- **Skoolgelde** word ook 100% normaal gehêf, omdat akademie steeds elektronies of met kontakssessies sal voortgaan. Personeel van Moria werk steeds hulle volle ure en selfs langer ure om alles in plek te kry en die uitvoerbaarheid en kwaliteit van die akademiese onderrig te verseker.
- Indien ouers 'n **buitengewone reëling** moet tref, geld die huidige praktyk steeds om 'n onderneming van betaling met voorgenome ooreengekome datums op skrif te stel en dit met mnr. Corrie Labuschagne, direkteur van Finansies, te bespreek.
- Indien **Gimnastiek** nie teen die 20ste April 2020 kan voortgaan nie, sal daar slegs 50% van die gimnastiekgelde gehêf word vir April-maand. Vandaar sal die situasie gemonitor word en weer besluite geneem word.
- Geen **kondisioneringsgelde** sal gehêf word vir April-maand nie. Indien kondisionering weer begin, sal heffings gedoen word.
- Aansoek kan gedoen word vir **verdienselikheds-kortingsbeurse** soos goedgekeur deur die dagbestuur en reeds bekend gemaak aan die publiek.
- Die situasie sal voortdurend herevalueer word.

Verdienstelikheids-kortingsbeurse:

Om ons ouers tegemoet te kom, word 'n beperkte aantal verdienstelikheids-kortingsbeurse aan ons bestaande ouers en potensiële nuwe ouers gebied. Aansoekvorms sal aan almal (wat dit elektronies versoek het by bedryfshoof@psmoriamoria.com) uitgestuur word teen Woensdag 8 April 2020. Inhandiging geskied voor of teen 14 April 2020 en toekennings sal gemaak word teen 21 April 2020. Hierdie verdienstelikheids-kortingsbeurse sal van 1 Mei 2020 in werking tree.

- **Verdienstelikheids-kortingsbeurse: Huidige ouers:**

- Koshuis: Indien die koshuis wel open en koshuisgelde betaalbaar is, word koshuisbeurse toegestaan.
- Skool: Wanneer die skool open, hetsy elektronies of met kontakssessies, word skoolbeurse toegestaan.

- **Verdienstelikheids-kortingsbeurse: Potensiële ouers:**

- Koshuis: Indien die koshuis wel open en koshuisgelde betaalbaar is, kan potensiële ouers aansoek doen vir 'n koshuisbeurs.
- Skool: Wanneer die skool open, hetsy elektronies of met kontakssessies, kan potensiële ouers aansoek doen vir 'n skoolbeurs.
- Busdiens Otjiwarongo: Indien die skool open met kontakssessies, kan potensiële ouers aansoek doen vir 'n busbeurs vanaf Otjiwarongo.

PRIVAATSKOOL MORIA PERSONEEL:

'n Aansoek om te opereer as essensiële besigheid is ingehandig. Hierdie aansoek sal Moria in staat stel om 'n paar personeellede (wat meestal sal bestaan uit administratiewe-personeel) toe te laat op die skoolgronde, om die akademiese plan te dryf en die administrasie van die skool te bly behartig. Personeellede sal hulle volle ure werk om die akademiese plan te laat realiseer.

BESTUUR EN KOMMUNIKASIE:

- Die skoolgemeenskap sal op gereelde basis op hoogte gehou word van besluite en nuwe moontlike aksiestappe wat geneem word om kwaliteit onderwys en opvoeding te verseker.
- Die skool sal gebruik maak van omsendskrywes wat per e-pos uitgestuur word, of die WhatsApp-groep, wat reeds bestaan. Maak seker dat u die nommer van die skool se WhatsApp-selfoon op u foon stoor (081 289 9670). Indien u steeds nie die boodskappe ontvang nie, stuur asseblief 'n WhatsApp-boodskap aan die betrokke selfoon. Persoonlike diskussies sal nie op hierdie selfoon plaasvind nie. Dit is slegs vir afkondigings.

Enige verdere navrae oor die akademiese en skoolaangeleenthede kan gerig word aan mnr. Loutjie Grobler. Sake betreffende die bedryfsafdeling kan gerig word aan mnr. Neil Prinsloo.

Moria-groete!

**LOUTJIE GROBLER
SKOOLHOOF**



**NEIL PRINSLOO
BEDRYFSHOOF**

